


GRAAD 4-6 NATUURWETENSKAP EN TEGNOLOGIE



Wetenskappe, soos ons dit vandag ken, het sy wortels in Afrika, Arabiese, Asiatiese, Europese en Amerikaanse kulture. Dit is gevorm deur die soeke om die natuurlike wêreld te verstaan deur middel van waarneming, toetsing en bewys van idees, en het ontwikkel om deel te word van die kulturêle erfenis van al die nasies. In alle kulture en in alle tye wou mense verstaan hoe die fisiese wêreld werk en soek verduidelikings wat hulle tevrede sal stel.

Wat is wetenskappe en tegnologie?

Wetenskappe is 'n sistematiese manier van soek vir verduidelikings en dit te koppel aan die idees wat ons het. In Wetenskappe word sekere metodes van navraag doen, en ondersoek instel, algemeen gebruik. Hierdie metodes leen hulself tot herhaling en 'n sistematiese benadering tot wetenskaplike ondersoek, wat poog om objektief te bly.

Ons raak ook aan sommige wetenskappe beginsels wat grens aan die onbekende: Hoekom verander die klimaat in die wêreld? Wat maak dat die heelal uitbrei? Wat veroorsaak dat die aarde se magnetiese veld verander? Niemand weet vir seker nie.

Tegnologie bestaan ook regdeur die geskiedenis. Mense het die kombinasie van kennis, vaardighede en beskikbare hulpbronne gebruik om oplossings te ontwikkel wat aan hul daaglikse behoeftes en begeertes voldoen. Ekonomiese en omgewingsfaktore en 'n wye verskeidenheid houdings en waardes moet in ag geneem word wanneer tegnologiese oplossings ontwikkel word. Tegnologie gaan vooruit soos ons kennis en behoeftes uitbrei.

Tegnologiese metodes sluit in: die identifisering van behoeftes, die beplanning, ontwerp, maak en evaluering van produkte. Die kennis en vaardighede wat gebruik was in die steentydperk om gereedskap te maak, is 'n voorbeeld hiervan.

Wetenskappe en Tegnologie het 'n groot impak, beide positief en negatief, op ons wêreld. Kennis ontstaan uit 'n siening van hoe die wêreld werk. Een van die verskille

tussen die moderne wetenskappe en tegnologie en tradisionele, inheemse kennis stelsels is dat hulle hul oorsprong in verskillende wêreldbeskouings het. Soos met alle kennis, verander wetenskaplike kennis oor tyd wanneer wetenskaplikes nuwe inligting vind en mense hulle siening oor die wêreld verander.

Die Kennisafdelings in die Natuurwetenskappe en tegnologie

In hierdie kurrikulum, word die onderstaande kennisafdelings gebruik as 'n instrument vir die organisering van die inhoud van die vak Natuurwetenskappe:

- Lewe en lewende dinge
 - Materie en material/stowwe
 - Energie en verandering
 - Die planeet Aarde en die ruimte
- Tegnologie:
- Strukture
 - Verweking
 - Stelsels en beheer

Hieronder volg 'n uiteensetting van elke kennisafdeling asook die aspekte wat behandel word per graad:

Instappies vir 2018:

De Wildt Cheetah and Wildlife Centre het die graad 6 leerders by die skool kom besoek.



Verder in die jaar word daar 'n polimere werkswinkel met eksperimente vir die graad 5 leerders aangebied deur Experilab.



Die graad 4 leerders kry 'n besoek vanaf die mobiele planetarium om meer oor die Aarde en die ruimte te leer.

